
RM 5:5-8 : DIE HOOP STEL NIE TERLEUR NIE

E206

Die hooftema van die Romeinebrief is regverdiging deur die geloof alleen. Hoofstukke 5-8 behandel dan die onwankelbare en ewige sekuriteit van die geregverdigde in Christus (weliswaar word hoofstukke 6 en 7 gewy aan die aanspreek van vroe hieroor wat Paulus by sy lesers voorsien).

Hierdie gedeelte oor die gelowige se sekuriteit begin Paulus deur allereers drie gevolge van regverdiging te noem (5:1-2) - waarna ons reeds gekyk het. Die derde hiervan is dan ook die een wat hy verder uitbou¹: "ons roem in die hoop op die heerlijkheid van God"

Maar wat dan van al die swaar aanslae waardeur alle Christene tot 'n mindere of meerdere mate gaan? Kan ons regtig gekrediteer wees met Christus se geregtigheid? Trek dit nie 'n minagtende streep deur ons hoop nie? Nee, sê Paulus dan in v.3-4, swaarkry is allermens 'n teken van God se verwerping. En ewemin sal dit die ware gelowige uit sy geloof uit skud. Nee, die teendeel is waar. Die Here gebruik die krisis van hierdie lewe op 'n merkwaardige wyse in Sy dissipels se lewens. Hy gebruik dit - paradoksaal - om hulle geloofspiere te bou en om hulle hoop (waarin hulle volgens v.2 roem) net nog meer te laat groei. Swaarkry lei tot meerdere volhardingsvermoë. En soos ons volhard, raak ons al hoe meer ervare op die pad van die Here. En soos ons geloofsbeleënheid toeneem, versterk dit ons hoop - omdat avontuur na avontuur ons des te beter leer hóé betroubaar

1. Dis tipies van die apostel, as hy 'n paar dinge noem wat uit iets anders voortvloei, om één van daardie dinge te vat en dit dan verder uit te bou (vgl. bv. Ef 1:18-21).

God is. Elke ware Christen se lewe volg dus iets van 'n opwaartse spiraal - van hoop tot meer hoop. En hiervan is swaarkry nie 'n miskenning nie, maar juis 'n stimuleerder.

Goed, sal iemand sê, ek kan sien dat my hoop opwaarts gestu word deur 'n voortgaande ervaring van God se getrouheid in my lewe. Maar so 'n hoop-spiraal moet tog iewers begin. Wat is die eerste en diepste begroning vir my hoop? *Dit is die vraag wat deur ons teks aangespreek word.*

Die hoop beskaam nie (5)

Toe ons na die voorafgaande verse gekyk het, is beklemtoon dat die Christelike hoop nie 'n onsekere optimisme oor die toekoms is nie, maar dat dit 'n vasbegrunde afwagting is op die vervulling van ons erfenis in Christus soos God dit wis en seker belooft het. Dis waarom ons in die hoop kan roem (2). En hier in v.5a word ons verseker dat die hoop ons nie sal beskaam nie.

Wat maak Paulus so seker daarvan? Wie sê die hoop waarin ons so roem gaan nie uiteindelik blyk 'n leë verwagting te wees nie? Hoe kan ons weet ons opgewonde uitsien na die dinge wat God belowe het, is nie net naïewe goedgeelowigheid nie? Per slot van rekening gaan dit waarop ons wag alle menslike verstand ver te bowe.

Dis hierdie kwelvrae wat Paulus aanspreek. Kategorie sê hy: "die hoop beskaam nie ...". God se belofte is absoluut betroubaar. Ons erfenis sal gewis in vervulling gaan.

Die Griekse werkwoord wat met "beskaam" vertaal word (5a), dui op 'n gevoel van verleentheid of vrees wat jou daarvan weerhou om iets te doen. Hier het dit ook nog 'n voorvoegsel wat die begrip verintensifeer. Dit praat dus van 'n ontnugtering wat jou heeltemal lamlê en laat tou opgooi; van 'n opgewonde afwagting wat 'n lugspieëling word.

Dit sal nooit met die ware gelowige gebeur nie! Waarom kan ons met soveel sekerheid peil trek op die Here se belofte? Waarom sal die

hoop nie beskaam nie? *Die antwoord lê in die liefde van God!* Dis die tema van v.5b en volgende.

Die twee redegewende voegwoorde, "omdat" en "want" in v.5 en 6 (OAV) is belangrik om die apostel se argument te volg. Beide lui 'n verduideliking in waarom die hoop nie beskaam nie, waarom God se belofte betroubaar is. In v.5b word dit uitdruklik gesê: "die hoop beskaam nie, omdat die liefde van God ...". En dan begin die gedeelte vanaf v.6 - wat steeds oor die liefde van God handel - weer met 'n redegewende "want".

Hoewel die uitdrukking, "die liefde van God", op sigself dubbelsinnig is, is daar geen twyfel nie dat Paulus hier praat van *God se liefde vir ons*, en nie van ons liefde vir Hom nie. Afgesien daarvan dat ons nooit ons sekerheid oor die vervulling van God se belofte op óns onbetroubare liefde vir Hom kan bou nie, praat v.6 en die daarop volgende onmiskenbaar van Sy liefde vir ons in Christus.

Kyk mens nou goed na ons teks, sien jy dat dit in v.5b gaan oor die *subjektiewe* beleving van God se liefde vir ons, terwyl die volgende verse in *objektiewe* terme daarvoor praat. Enersyds het ons dus 'n innerlike versekering daarvan; andersyds was Christus se Middelaarswerk 'n onmiskenbare demonstrasie van God se liefde vir ons.

Die subjektiewe beleving van god se liefde vir ons (5b)

Hier word gepraat van 'n versekerende werk wat in ons binneste gedoen word. Dis 'n werk van die *Heilige Gees* en oortuig ons van God se liefde vir ons. In Rm 8 sê Paulus dieselfde ding op 'n ander manier: "Hierdie Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is" (16).

Paulus sê dat die Gees aan ons "gegee" is. Dit impliseer ten minste 3 dinge:

Dit is iets wat aan ons gedoen is - die werkwoord is *passief*. Ons het nie die inisiatief

geneem nie. Hieroor is die res van die Skrif duidelik: die gawe van die Heilige Gees is 'n soewereine genadehandeling van God.

Hieraan het *alle gelowiges* deel - want die apostel is steeds besig met die gevolge van regverdiging. In elk geval maak hy hier 'n oop en ongekwalifiseerde stelling oor gelowiges in die algemeen.

Die werkwoord is in die *gewone verlede tyd* (die Aoristus). Aangesien nie gesê word wanneer dit plaasgevind het nie, moet ons ons deur die res van die Nuwe Testament laat lei. Dan is dit duidelik: dit het gebeur toe ons herskep, oftewel wedergebore is. Dit word bevestig deur die feit dat aanvaar word dat alle Christene hierdie gawe ontvang het.

Dis 'n werk wat die Gees in ons *harte* doen - in die beheersentrum van ons denke en persoonlikhede. Dis waar die Heilige Gees tipies werk - daar waar dit regtig saak maak, daar waar dit lewensveranderend is.

Die woord "uitgestort" praat van *oorvloed*. Hierdie werk van die Gees, as Hy ons bewus maak van God se liefde, is dus onmiskenbaar.

Die werkwoord is in die *perfektum*. Dit dui op 'n voortgaande en blywende beleving sedert dit die eerste maal gebeur het. Vir die versekering van God se liefde, is ons nie afhanklik van herinneringe aan 'n wonderlike ervaring in die verlede nie. Dis 'n daaglikse wete.

Die woord "uitgestort" word natuurlik ook in Hd 2 gebruik. Dit laat sommige dink dat Paulus hier praat van die Pinkstergebeure. Nee. Daar was dit die Heilige Gees wat uitgestort is; hier is dit God se liefde wat uitgestort word.

Die objektiewe feitelikheid van god se liefde vir ons (6-8)

'n Gespiede geloof bou altyd en bewustelik op die vaste objektiewe waarhede van God, nie op die dryfsand van ons gevoelens nie. Dit beteken egter nie dat subjektiewe belevinge onbelangrik is nie. Dis 'n kragtige versterking van ons

meermaal wankelende geloof in God se objektiewe openbaring. Dis waarom die Here in Sy goedheid groot dele van Sy openbaring - wat mens net in die geloof kan houvas - met innerlike ervaring bekragtig. So is dit ook wat betref ons oortuigings oor God se liefde vir ons.

Vantevore het Paulus geskryf dat die kruisiging van Christus 'n onmiskenbare demonstrasie was van God se geregtigheid (3:25-26). Nou hou hy dit voor as 'n objektiewe bewys van God se liefde (8).

Om dit te verstaan moet ons onthou dat die essensie van liefde in *gee lê*. "God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het ..." (Jh 3:16). "... die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het" (Gl 2:20).

Verder word die intensiteit van liefde bepaal deur twee dinge: hoeveel die gawe die gewer kos, enersyds; en hoe waardig of onwaardig die ontvanger is, andersyds. Hoe meer die gawe kos en hoe onwaardiger die ontvanger is, hoe groter word die liefde geag. Gemeet aan hierdie standaard, is God se liefde onberekenbaar groot. Want as Hy Sy Seun stuur om te sterf, gee Hy alles - Hy gee Homself. En Hy gee dit vir mense wat absoluut niks verdien nie; intendeel, hulle verdien die teenoorgestelde - Sy ewige oordeel.

Die koste van die gawe

Verse 6 en 8 sê bloot dat Christus gesterf het. Maar v.10 maak duidelik wie hierdie Christus is: *Dit is God se Seun wat gesterf het!* Kan daar 'n groter en meer onselfsugtige gawe van liefde wees?

Vantevore het God profete gestuur en soms engele, maar uiteindelik het Hy *Sy enigste Seun* gestuur. In die menswording van die tweede persoon van die Goddelike Drie-eenheid het Hy in werklikheid self na ons toe gekom om Sy lewe vir ons af te lê. Presies dit is wat die Here Jesus in die gelykenis van die boere en die wingerd wil tuisbring (Mt 21:33-41).

Nog meer, hierdie Seun het gekom *om te*

sterf. Aangesien Hy sondeloos was en die dood die loon van die sonde is, kan dit net beteken - soos die hele Skrif immers leer - dat Hy ons strafdraende Plaasvervanger was.

In die finale analise is dit nie Sy lewe, of Sy leer, of Sy voorbeeld wat ons van die ewige verdoemenis red nie - onuitspreeklik kosbaar en noodsaaklik soos die dinge ook al is - maar Sy dood.

Die ontvangers se onwaardigheid

En wat van die ontvangers se waardigheid - of sal ons eerder van onwaardigheid praat? Om dit tuis te bring, gebruik 4 sprekende woorde.

Eerstens was ons algeheel *magteloos* om iets aan ons eie lot te doen toe Hy vir ons gesterf het (6, NAV). Ons het nie Sy waarheid verstaan nie (1Kor 2:14). Ons kon Hom in elk geval nie gehoorsaam nie (Ef 2:2-3).

Tweedens was ons nog *goddeloses* toe Hy Homself vir ons gegee het as offer (6, NAV). In plaas daarvan dat ons God lief het, is ons rebelle teen Hom.

Derdens was ons nog *sondaars* (8, NAV) toe Hy God se toorn in ons plek gedra het. Ons het ons rug op God se wet gedraai. Ons was volslae mislukkings in terme van Sy standarde.

Vierdens was ons nog God se *vyande* toe Hy na ons toe gekom het om vir ons versoening te doen (10, NAV). Ons het 'n diepliggende aggressie teen die Here gehad.

TOEPASSING

1. As die Heilige Gees God se liefde subjektief in ons harte uitstort, doen Hy dit deur steeds dieper hartstogte oor Christus se versoeningswerk in ons te vestig.

In ons ervaringsbehepte dae is dit belangrik om hierdie beginsel te verstaan. Dit gaan dus nie om hoendervleis-belevinge nie, maar om 'n steeds dieper insig in wat Christus vir ons gedoen het. Dit is wat die Nuwe Testament ons duidelik leer: *die Heilige Gees se primêre bediening is om Christus in en deur Sy liggaam*

te verheerlik deur hulle geestesoë al hoe meer te open vir die wonder van hulle Verlosser se Persoon en werk as ons groot Profeet, Priester en Koning (Jh 15:26; 16:7-15).

Soos met al die Heilige Gees se werk in en deur ons, het ook ons 'n verantwoordelikheid. Op geen wyse werk ons beter saam met die Gees as om alles in ons vermoë te doen om Christus steeds beter te leer ken en verstaan nie. Laat ons Sy uitnemendhede weer en weer bestudeer en oordink. En laat dit tweede natuur vir ons word om ons oë deur dik en dun op Hom vasgenaël te hou.

2. Nooit mag ons God die Vader en God die Seun teenoor mekaar stel in ons begrip en beleving van die verlossingsplan nie.

Sommige mense het die idee dat Jesus as 't ware tussen 'n toornige Vader – die God van die Ou Testament – en sondaars kom staan het. Ander dink weer dat die Vader gevoelloos anderpad gekyk het en toegelaat het dat bese mense Sy Seun vermoor. In die proses word die Ou en die Nuwe Testamente teenoor mekaar gestel. Vir baie mense is die God van die Ou Testament en die God van die Nuwe Testament effektief twee verskillende Persone.

Sulke beskouing is lynreg strydig met Bybelse openbaring. Daar is geen verdeeldheid hoegenaamd in die Drie-eenheid nie.

Ja, die hele wêreld is onder die toorn van God (Rm 1:18), maar dis juis waarom die Vader die inisiatief geneem het om sondaars te red. Ja, die Seun het die versoeningswerk gedoen, maar dit is die Vader wat Hom gestuur het. Alles het by die Vader en Sy liefde vir sondaars begin!

Rm 3:25: "Hom het God gegee as offer wat deur sy bloed versoening bewerk het vir dié wat glo." Jh 3:16: "God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het ...". 2Kor 5:19: "Die boodskap van versoening bestaan daarin dat God deur Christus die wêreld met Homself versoen het ...".

As daar ooit 'n volmaak harmonieuse en grootse projek was, dan is dit die samewerking

tussen die Vader, die Seun en die Heilige Gees om dermiljoene mense vanuit algehele verlorenheid tot wonderbare lewe te bring.

3. Niks het 'n kragtiger invloed ten goede op die lewens van God se kinders nie as juis hierdie werk van die Heilige Gees in hulle harte.

Een van die gemeenskaplike karaktertrekke van uitstaande manne en vroue van God dwarsdeur die geskiedenis was hulle onuitwisbare bewussyn van God se liefde vir hulle. Presies soos ons teks leer, het dit hulle geloof en hoop versterk - met dramatiese effekte in hulle lewens.

As daar een ding is wat ons altyd weer vir mekaar moet bid, dan is dit dat ons liefde vir die Here steeds sal toeneem en verinnig. Per slot van rekening is dit die groot gebod: dat ons die Here ons God sal liefhê met ons hele hart, ons hele siel, ons hele verstand en al ons krag.

Maar omdat hierdie liefde vir die Here 'n uitvloeisel is van my bewussyn en beleving van Sy liefde vir my, is daar iets nog belangriker wat ek vir myself en ons vir mekaar moet bid - naamlik dat die Heilige Gees sal voortgaan om God se liefde vir ons steeds meer en meer in ons harte uit te stort. Leer die apostel, Johannes, nie per slot van rekening presies dit nie: "Ons het Hom lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het" (1Jh 4:19, OAV)?

Soos dit egter altyd gaan, ek moet nie net bid nie, ek moet ook doen. Maak die bestudering van God se liefde een van die hoofvakke van jou lewe. En onthou, dis in Christus - in Sy persoon en lering, en veral ook in Sy werk - dat ek God se liefde vir my by uitnemendheid sien.

4. God se liefde vir hierdie wêreld lê daarin dat Hy die gebrokenheid en ellende van ons aardse bestaan by die wortel daarvan aanspreek.

Hoeveel maal hoor 'n mens nie die lasterlike aanklag nie - veral tydens rampe: "Hoe kan 'n God van liefde soiets toelaat?" "Waar was Hy

toe my kind onder die vragmotor ingehardloop het?" "Hoe kon Hy toelaat dat duisende onskuldiges in die World Trade Centre sterf?"

Sulke vroe openbaar mense se skreiende onkunde oor feitlik al die groot waarhede van God se openbaring aan ons. *Maar veral kyk hulle dit mis dat die God van liefde nie lapwerk doen nie. Hy dokter nie bloot simptome nie. Nee, Hy spreek die mens se grootste probleem by die worteloorzaak daarvan aan!*

Wat is die mens se heel grootste probleem? Hy is onder God se toorn - presies dit waarmee Paulus in hierdie brief sy lering oor die Here se wonderlike verlossingsplan begin (1:18). En wat is die heel eerste uitvloeisel van regverdiging deur die geloof? Vrede met God! (5:1).

Hoe word ons grootste probleem aangespreek? Hoe kry ons hierdie vrede met God? Deur die versoeningswerk van die Seun, Jesus Christus! En hoe kry ek deel aan hierdie wonderlike reddingsinisiatief van die Here? Deur in Jesus Christus in te vlug - vir tyd en ewigheid die enigste veilige plek, die volmaak veilige plek.

Dit beteken nie dat daar nie Christene in die WTC was nie; sekerlik was daar. En dit beteken ook nie dat baie Christene nie steeds hartseer is oor dierbares wat daar gesterf het nie. Maar vir diegene in Christus het die dood nie die finale woord nie. En diegene in Christus treur ook nie sonder hoop nie. "Dood, waar is jou oorwinning? Dood, waar is jou engel?" (1Kor 15:55).

5. Laat ons weer en weer met ongebreidelde entoesiasme ons verlustig in God se volmaakte liefde vir ons.

Sy liefde vir ons is ewig en onveranderlik. Voor die grondlegging van die aarde reeds was dit Sy vreugde om aan ons die lewe te gee. Toe is ons name in die Boek van die Lewe opgeteken - met as onuitwisbare inkt die bloed van Sy geliefde Seun.

Dit beteken dat geen mislukking aan ons kant vir Hom as 'n verrassing kan kom, of Hom kan terleurstel nie. Die Alwetende weet nog altyd alles van ons af. Trouens, dis Hy wat my in die

moederskoot aanmekaar geweef het en my genetika en persoonlikheid gevorm het. Presies soos Hy my aanvanklik wou hê, het Hy my gemaak. En presies soos Hy my uiteindelik wil hê, is Hy besig om my te maak.

Objektief in die heilsgeskiedenis, en subjektief in ons ervaring, het God Sy liefde vir ons gedemonstreer en bewys. Die vervlegtheid van die Seun se historiese werk aan die kruis, enersyds, en die Heilige Gees se voortgaande werk in ons harte, andersyds, is een van die heerlikste aspekte van die evangelie!

Nico van der Walt

* Nico v/d Walt onderskryf die historiese, internasionale en reformatoriese 1689 Baptistebelydenis, asook die Belydenis van Sola 5, 'n assosiasie van Godgesentreerde evangeliese gelowiges in Suider-Afrika.

* Subskripsies, adresveranderings, kansellasies en korrespondensie: Posbus 2120, Mosselbaai, 6500;

E: nico.vanderwalt@reformed.org.za Tel. 044 6966526; 082 8489396.

* Blogs: www.e-preke.blogspot.com (met skakels na nóg 4 blogs)

* Weekliks word 'n preek soos hierdie wêreldwyd per e-pos gestuur aan mense wat dit persoonlik aangevra het.

* Geen kopiereg. Dupliseer gerus. Of stuur elektronies verder.

* Preekopnames: E: info@nunide.org.za ; T: 012-808 3906